# Tygerberg-Natuurreservaat 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Sirkelroete | **DATUM:** | 15-Apr-23 |

**KOMMENTAAR**

Altesaam 9 mense het die Saterdagoggend om 08:00 by Tygerberg-Natuurreservaat bymekaar gekom vir 'n lekker dagstap wat net 'n ander gehalte aan 'n mens se naweek gee. Ons het almal saamgestem dat ons gelukkig is om so 'n lekker stap hier op ons drumpel te hê. Mens hoef nie 'n perd op te saal om hier te kom stap nie (al het party mense van ver af gekom) en jy kry goeie oefening in. Ons het anti-kloksgewys begin stap en eers by die twee damme gaan draai voor ons die bult uitgestap het tot by die piekniekplek naby die kanon waar ons ontbyt geëet het en die uitsig geniet het. Daarna het ons aan die Kaapstad-kant van die koppie omgestap met nóg 'n behoorlike bult tot weer bo by 'n ander piekniekplek waar ons middagete geniet het voor ons weer die laaste afdraand na die motors toe afgestap het. Die 'tyger' in die naam kom van die Nederlands vir luiperd. Kolle vaalbruin gras word met grys-groen fynbos afgewissel – wat maak dat die plantegroei op die heuwels van ver af soos die kolle op 'n luiperd lyk. Baie dankie aan Werner Dalziel vir die stapleiding en aan Amanda Matthee vir die stapreëlings. Stapafstand: 10 km. Klimhoogte: 414 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 10 | |
| Hannah Jacobs | 2023140 | R 5 | 10 | |
| Beulagh Keulder | 2023051 | R 5 | 10 | |
| Pieter Smith | 2023165 | R 5 | 10 | |
| Karina Smith | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Jeannette Kriel | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Werner Dalziel | 2023044 | R 5 | 10 | |
| Gerna Hough | 2023131 | R 5 | 10 | |
| Susan Pienaar | 2023086 | R 5 | 10 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 55** | **90** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Amanda |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |